

SKRIFGEDEELTE: 1 KONINGS 22

FOKUSGEDEELTE: 1 KONINGS 22:7

Josafat – Soek die ware godsdiens

Koning Josafat van Juda het gepoog om goeie bande met koning Agab van Israel te bou. Agab het die geleentheid aangegryp om Josafat se hulp te bekom om oorlog teen Ramot in Gilead te gaan maak. Josafat het ingestem om met Agab saam te werk, maar daar was 'n voorwaarde: die Here moes eers geraadpleeg word.

Agab het 400 profete bymekaar gekry en by die dorsvloer voor Samaria is geprofeteer. Eendragtig was die aanbeveling: Gaan gerus. Die Here gee die stad aan julle oor! Op hierdie punt vra Josafat 'n vraag. Hy vra of daar nie nog 'n profeet was wat geraadpleeg kon word nie. Hoekom vra Josafat die vraag?

Josafat was nie beïndruk deur die 400 profete nie. Hy het besef die Here praat nie deur hulle nie. Immers, Agab was nie bekend as godvresende koning wat die Here se wil gesoek het nie. Waar kom hierdie 400 profete vandaan? Betaal Agab nie hulle salarisse nie? Dan sal hulle mos sê wat die koning wil hoor (vgl. 2 Tim. 4:3-4).

Daarby was die profetering by die dorsvloer nie 'n erediensontmoeting met die Here waar sy genade afgesmeek en sy wil gesoek is nie. Dit was 'n openbare skouspel waar met drama en toneel toeskouers beïndruk is (vgl. 1 Kon. 22:10-12). Nee, Josafat kyk deur die valse godsdiens. Hy soek die ware godsdiens. Hy soek 'n ander profeet.

Geliefde, word jy dalk verblind deur valse godsdienste wat sê wat jy wil hoor, of jou vermaak, eerder as wat die ware God aanbid word? Soek die ware Profeet. Johannes die Doper het Hom in Johannes 1:29 uitgewys. Hy is Jesus Christus, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.

Sing: Psalm 73:12 (1936)

Dr. JA (Jannie) Erasmus (Odendaalsrus)